

Hawk Eye Karate Academy



Rustenburg – Die lede van Hawk Eye Karate Academy het uitstekend gevaar tydens die FSKA Suid Afrika Nasionale kampioenskappe, wat plaasgevind het in Pretoria, die 18de Junie 2011.

Voor vlnr: Emrick Hermann (Brons in Kumite), Alex Mokgatse (Brons in Kata en Silwer in Kumite), Fiona Jansen (Goud in Kata), Maryke De Vos (Silwer in Kumite), en George Pheto (Brons in Kumite).

Agter vlnr: Wynand van Niekerk (Silwer in Kumite en Brons in Kata), Cornelius Smal (Goud in beide Kata en Kumite), Buks du Plooy (Goud in beide Kata en Kumite), Sensei Deon de Jong, Sensei Arnel du Plooy (Silwer in beide Kata en Kumite), Zelda Kotze (Brons in Kata en silwer in Kumite), Anton Horn (Silwer in Kata en brons in Kumite).

Baie Geluk aan alma! Vir enige Navra kontak Sensei Deon gerus by 083 641 8437.

Uitblinkers van Formaat!

Rustenburg – Hierdie studente van TSKKIA Tokon Shotokan Karate Ken & Iai Jutsu A/C Rustenburg het op die 18 Junie 2011 weer uitblink in hulle onderskeie afdelings waartydens hulle teen Pretoria, Johannesburg en ander klubs meeding het.

Hulle sal die Rustenburg klub weer verteenwoordig op die 13de Augustus 2011 tydens die Tiger Challenge (te Rustenburg) asook in die Lydenburg Uitdaging wat op die 3de September 2011 plaasvind.

Vir enige navrae oor hierdie en ander kompetisies kontak ons gerus by TSKKIA Hoof Kantoor 082 463 1073.



Agter Vlnr: Janieka Kilian, Sonja Pieterse, Almarie Venter en Ayrton Sardinha.

Voor Vlnr: Carlo van Wijk, Pieter Venter en Wilfred Kilian. Nie teenwoordig is Arné du Plooy en JD Venter.




Man van Staal!

Rustenburg – Pieter Venter, student en seun van Shihan Albert Venter, die hoof instrukteur van TSKKIA Rustenburg, het op die 18de Junie 2011 weer uitblink in sy afdeling waartydens hy as Bruin Belt teen Swart Belde geveg het en eerste plek verower het.

Pieter sal die Rustenburg klub weer by die Tiger Challenge wat op die 13 Augustus plaasvind verteenwoordig. Vir enige navrae oor hierdie en ander kompetisies kontak ons gerus by TSKKIA Hoof Kantoor 082 463 1073.

Super 15: Week 18



Crusaders vs Hurricanes

In 'n sopnat Wellington het die Crusaders met 16-9 geseëvier oor die Hurricanes. Dit was 'n wedstryd wat vir beide spanne baie frustrerend was in die moeilike omstandighede. Die Crusaders het egter besef hulle moes wen en het die wa deur die drif getrek en speel nou teen die Sharks in uitspeelwedstryd 2 in Nelson Mandela Stadium. Die Crusaders het vroeër die seisoen die Sharks in Engeland maklik geklop en baie kenners meen dit sal weer so wees. Die Sharks het egter op hulle beurt vriend en vyand verras deur die magtige Blou Bulle op Loftus te gaan klop! Dit is twee puik spanne en spannend gaan dit gewis wees.

die spelpatroon van die Haaie net een te veel vir die Bulle! Die Bulle se kaptein, Victor Matfield was een van die eerstes om die Sharks te prys vir hulle skitterende wedstryd. Die Sharks kom nou in Nelson teen die gedugte Crusaders span te staan. 'n Lang vlug en die harde wedstryd teen die Bulle gaan dalk teen die Durbaniete tel, maar as dieselfde passie en honger daar is om te wen soos op Loftus gaan hulle dalk geskiedenis maak. Moontlike wenner... Sharks!



Cheetahs vs Stormers

Met 78 punte op die telbord is die Bloemfonteiners getrekteer met goeie, aanskoulike rugby met die Kapenaars wat met 44-34 seëvier en sodoende tweede in op die punteleër eindig en verseker is van 'n halfeinstryd op Nuweland. Peter Grant het 'n groot verskil in die agterlyn meegebring. In die Cheetah span het Ryno Benjamin drie drieë gedruk en Sias Ebersohn speel elke wedstryd beter en gaan nog diep spore trap in Suid-Afrikaanse Rugby. Die telling vlei dalk die Blikore want die Stormers was van meet af in beheer van die wedstryd. Die Stormers het nou 'n loslootjie en welverdiende blaaskans.

Nag ou grote...



Blues vs Highlanders

In Auckland was die manne van Otago nie opgewasse vir die Blues nie. Selfs met die veteraan losskakel, Tony Brown, kon die Highlanders nie die mas opkom nie. Die Blues wen met 33-16 en Stephen Brett het 'n puik spel vir die manne in blou gelewer. Die Highlanders se werk vir 2011 is afgehandel terwyl die Blues die Waratahs in Auckland in Uitspeelwedstryd 1 aanvat.



Rebels vs Force

Die Force wen die Rebels 27-24 in 'n eentonige wedstryd wat gelyk het of die twee spanne net die tagtig minute agter die rug wou kry. Die Rebels kry darem vir die aanstaande seisoen 'n hele paar nuwe spelers wat sal help dat hulle dalk nie weer met die houtlepel sal sit nie.



Waratahs vs Brumbies

Baie Suid-Afrikaners het gehoop die Brumbies sou die een wen, maar helaas. Die Waratahs slag die Brumbies en wen met 41-7 en toon dat hulle ook graag die trofee sal wil lig vir die eerste keer. Hulle kom teen die Blues in Auckland in uitspeelwedstryd 1 te staan. Hierdie gaan soos 'n toetswedstryd tussen die twee wees... glad nie aanskoulik nie – maar kliphard.



Reds vs Chiefs

Die Reds het met die sege van 19-11 oor die Chiefs in Hamilton verseker dat hulle eerste op vanjaar se punteleër eindig. Die skakelpaar van die Reds, Will Genia en Quade Cooper, was sekerlik die beste in vanjaar se kompetisie en sal albei definitief diens doen vir die Wallabies later vanjaar. Die Reds het nou 'n loslootjie en sal maar rustig sit en kyk teen wie hulle in half eindstryd 1 gaan speel. Hierdie span het 'n ongelooflike regruk poging hierdie seisoen gewys; verlede jaar was hulle een van die swakker spanne.



Bulls vs Sharks

Nou ja... Toe kom die Haaie en verslind die Bulle! Baie "rugbykenners" sou gedink het jy is van jou sinne beroof as jy dit sou durf waag om te voorspel die ysters van Durban die Bulle in Pretoria, op die grote Loftus, sal verneder. Die manne van Durban het van meet af ingeklim en vuur met vuur beveg. Terwyl baie mense bekommerd is oor John Smit, het John Plumtree ander planne gehad. Met die insluiting van Patrick Lambie op heelagter en die Fransman, Fred Michalak, op losskakel was

Platina Superspan

- 15. Patrick Lambie 14. J.P. Peterson
- 13. Jaque Fourie 12. Jean De Villiers
- 11. Lwazi Mvovu 10. Sias Ebersohn
- 9. Charl McLeod 8. Ryan Kankowski
- 7. Keegan Daniels 6. Schalk Burger (Kapt)
- 5. Andries Bekker 4. Gerhard Mosterd
- 3. Jannie Du Plessis 2. Bismarck Du Plessis
- 1. Tendai Mtawarira